

**Gaan dit oor eie eer of omgee vir die volk?**

Dis nou die tweede keer dat die volk teen Moses opgesweep word. Die eerste keer het Aäron self aan die opstand deelgeneem (12:1 ev). Toe was hy en ousus Mirjam die voorbokke. Die opstand is nou egter ook teen hom.

In werklikheid sweer mense nie slegs teen God se ampsdraers saam nie, maar teen God self (vs 11) – maak nie saak of dit opstande in die kerk of in die samelewing is nie. Indien daar wel korrupsie en onreg by ampsdraers plaasvind, is daar ordelike en wettige wyses waarop dit aangespreek moet word.

In die geval van die opstand van Korag, Datan, Abiram en twee honderd en vyftig ander leiers is die motiewe bedenklik. Dit gaan nie om besorgdheid oor die volk nie, maar om eie eer. Daarom straf die Here hulle almal met 'n verskriklike dood.

Korag was nie tevrede om as gewone Leviet diens in en by die tabernakel te doen nie. Hy wou hoëpriester wees. Die Rubeniete, Datan en Abiram, was ook nie tevrede met hul ereposisie onder die stamme van Israel en hul besondere woonplek by die ingang van die tent van ontmoeting nie. Hulle wou die hoofleiers wees.

Hoekom wil 'n mens altyd hoofman wees? Daar kan tog net voorspoed en sukses wees as God jou in 'n sekere pos (diens) geplaas het en dan ook net as jy dit tot Gods eer vervul. Moses het nooit eer gesoek nie. Hy is vir ons 'n wonderlike voorbeeld van sagmoedigheid en nederigheid.

*Sing: Psalm 93:1*

*Dr NP Heystek (Wapadrant)*